# DIE STREWE NA SAMEWERKING IN AFRIKANER-POLITIEKE GELEDERE VOOR DIE 1948-VERKIESING

**JM Wassermann[1] en SL Barnard[2]**

***Summary***

*In the years leading up to the 1948 parliamentary election numerous efforts were made to heal the political rift that existed amongst Afrikaners. The initial endeavours to foster co-operation between the Herenigde National Party and the Afrikaner Party met with little success for a number of reasons. These included previously strained relations between the respective leaders Malan and Havenga as well as the relationship between the latter and the Ossewa-Brandwag. Only when the Broederbond entered the fray the two parties started to move closer. Despite the shadow cast on co-operation by the Ossewa-Brandwag and suspicious Nationalists the relationship grew, eventually leading the combination to an unlikely political victory.*

---

## 1. INLEIDING

Politieke samewerking is 'n realiteit van enige partypolitieke stelsel en is baie keer noodsaaklik om 'n nuwe regering te vorm of vir `n oue om aan bewind te bly. Onder Afrikaners was sulke samewerking histories baie moeilik en met tye selfs onmoontlik. Waar sulke samewerking wel gerealiseer het, soos met smelting, was daar gewoonlik teenstanders daarvan, in dié geval die gesuiwerdes of Nasionale Party. Ook smelting het nie gehou nie en is deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog ongedaan gemaak. Die daaropvolgende hereniging was ook van korte duur. Pogings in 1943, veral deur NC (Klasie) Havenga, die leier van die Afrikanerparty, om die hereniging en gepaardgaande samewerking onder Afrikaners te laat herleef, het ook nie gewerk nie. Die pogings het, soos telkens in die verlede, 'n bitterheid nagelaat.

1 Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van KwaZulu-Natal.
2 Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat.

Die aanbreek van die einde van die Tweede Wêreldoorlog het 'n nuwe era in die politiek ingelui. Ondanks die feit dat die Afrikanerparty 'n sukkelbestaan gevoer het sonder enige parlementêre verteenwoordiging of noemenswaardige organisasie, het veral dr. DF Malan, leier van die Herenigde Nasionale Party, gevoel dat in die nuwe era die strydbyl begrawe en dat eenheid of samewerking met die Afrikanerparty nagestreef moes word. Die uitvloeisel hiervan moes 'n eenheidsfront onder Afrikaners tot stand bring wat die regerende Verenigde Party in die komende algemene verkiesing sou kon beveg. Sulke samewerking sou nie die Ossewa-Brandwag (O.B.) kon insluit nie weens die nasionaal-sosialistiese ideologie van dié organisasie, en die stryd wat die organisasie met die Herenigde Nasionale Party aan die voer was.

## 2. POGINGS TOT SAMEWERKING TUSSEN DIE AFRIKANERPARTY EN DIE HERENIGDE NASIONALE PARTY

Malan was van oordeel dat die simboliese daad van samewerking tussen die Afrikanerparty en die Herenigde Nasionale Party moontlik tot groter Afrikaner-eenheid sou lei. Samewerking was volgens hom moontlik en nodig, want hoewel die Afrikanerparty klein in ledetal was, het dit bestaan uit Afrikaners wat slegs persoonlike en nie beginselverskille met die Herenigde Nasionale Party gehad het nie en het dit 'n Anglo-Boereoorlogvegter as leier gehad. So 'n verenigde front sou die enigste wyse wees waarop die Verenigde Party uit die kussings gelig kon word.[3]

As bewys van sy houdingsverandering het Malan vir een van sy vertrouelinge, PO (Paul) Sauer, die volksraadslid vir Humansdorp, gevra om 'n ontmoeting met Havenga te reël. Die houdingsverandering van Malan is nie deur Havenga gedeel nie en laasgenoemde het Sauer saaklik meegedeel dat hy nie 'n begeerte het om Malan te ontmoet nie.[4]

Die antwoord van Havenga het Malan tot 'n bepaalde versigtigheid gedwing en hom genoop om 'n meer direkte strategie te oorweeg. Derhalwe kontak Malan vir Havenga etlike weke later in sy persoonlike hoedanigheid. Malan het beweer dat hy vol vertroue was dat die Herenigde Nasionale Party sy optrede sou steun. Dié kontak word deur Malan gemotiveer as wenslik omdat hy op 'n informele wyse verneem het van moontlike toenadering vanaf Havenga se kant. Malan val dadelik met die deur in die huis en verklaar dat samewerking of selfs moontlike eenwording tussen hulle partye op dié vroeë stadium van groot belang is omdat daar wat hom betref geen beginselverskille tussen die Afrikanerparty en die Herenigde Nasionale

3 HB Thom, **DF Malan** (Kaapstad, 1980), pp. 161-2.
4 JS Gericke-biblioteek, DF Malan-versameling, 1/1/2167: Brief van NC Havenga aan PO Sauer, 19 Maart 1945.

Party bestaan nie. In die lig hiervan deel Malan Havenga mee dat hulle 'n plig het teenoor nasionaalgesinde Afrikaners om saam te werk. Die nasionaalgesinde Afrikaners sluit volgens Malan die O.B. uit, omdat hulle ideologies van beide die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty verskil. Teen hierdie agtergrond nooi Malan vir Havenga uit na 'n persoonlike ontmoeting.[5]

Havenga moes sake goed oordink het, want hy reageer eers twee weke later. Hoewel hy kennis neem van Malan se standpunte kom van die redes vir sy versigtigheid dadelik na vore. Die Afrikanerpartyleier was steeds ongelukkig oor die gebeure van 1943 waartydens samewerkingspogings vanaf sy kant afgewys is. Hy was dus versigtig om weer by eenheidspogings betrokke te raak. 'n Ander saak wat Havenga verontrus het, was die eksklusiewe aard van moontlike samewerking wat die O.B. sou uitsluit. Havenga borduur hierop voort deur daarop te wys dat die Afrikaner in die politieke woestyn sou bly solank as wat goedgesinde elemente verdryf word. Sonder omhaal van woorde vra Havenga vir Malan of die Herenigde Nasionale Party nog steeds nie met almal wil saamwerk nie, en of die voorgestelde samesprekings nuwe lig op die saak sal werp. Ondanks sy versigtigheid, en die kritiese vrae oor beginselsake, verklaar Havenga hom ontvanklik vir verdere voorstelle wat hy met ander Afrikanerparty-lede sou bespreek.[6]

Die reaksie van Havenga het dus sowel persoonlike as beginselverskille tussen die Afrikanerparty en die Herenigde Nasionale Party blootgelê. Havenga was in dié stadium baie beslis dat elemente wat hy as goedgesind geag het, soos die O.B., ook betrokke moes wees. 'n Ligpunt was egter die versagting in Havenga se houding, in so 'n mate dat hy bereid was om verdere samewerkingsvoorstelle te ontvang.

Malan het die persoonlike en beginselverskille en spesifiek die O.B.-kwessie gehanteer deur dit te ignoreer. Vir hom was die oplossing daarin gesetel dat hy en Havenga, as partyleiers, eers persoonlik moes ontmoet voordat onderhandelinge kon plaasvind. So 'n ontmoeting sou moes dien om probleme op te los, moontlikhede te ondersoek en om misverstande te verhoed. Half sinies spreek Malan dus sy teleurstelling uit dat Havenga nie sake soos hy sien nie.[7]

---

5 Instituut vir Eietydse Geskiedenis (Ineg), PV 492, 2/1/4: Brief van DF Malan aan NC Havenga, 2 April 1945; JS Gericke-biblioteek, DF Malan-versameling, 1/1/2168: Brief van DF Malan aan NC Havenga, 2 April 1945.

6 Ineg, PV 492, 2/1/4: Brief van NC Havenga aan DF Malan, 14 April 1945; Nasionale Argiefbewaarplek (NAB), NC Havenga-versameling, 7 en 27: brief van NC Havenga aan DF Malan, 14 April 1945.

7 Ineg, PV 492, 2/1/4: Brief van DF Malan aan NC Havenga, 20 April 1945.

Tydens 'n Afrikanerparty-konferensie op 31 Maart 1945 stel Havenga dit duidelik waarom sy party nie sommer goedsmoeds by die Herenigde Nasionale Party kon inval nie: "Ons protesteer teen die behandeling wat die groot Afrikaner Generaal Hertzog aangedoen is." Volgens Havenga was die Herenigde Nasionale Party se beleid ook nie die aangewese nasionalisme vir alle Afrikaners nie. Wat hom betref, moes Hertzogisme nagestreef word.[8]

Vroeg in 1946 het Havenga, na versoeke van oorde buite die Afrikanerparty, sy besluit van 1943 herroep en tydens 'n toespraak voor die Afrikanerparty-hoofbestuur te Kroonstad sy hertoetrede tot die politiek aangekondig. By dié geleentheid stel Havenga dit onomwonde dat die persone wat die versoeke vir hertoetrede gerig het, sou bepaal of die besluit die regte een was. Persoonlik sou sy houding een van afwagting wees. Havenga se aankondiging is met 'n onvoorwaardelike mosie van vertroue in hom deur die hoofbestuur begroet. Nadat Hertzogisme as die amptelike partybeleid aangeneem is, is besluit om later in 1946 'n kongres te hou. Met ywer is daar ook aangekondig dat herorganisasie voor 1 Mei 1947 sou begin.[9]

Havenga se optrede en uitsprake was beslis nie wat die Herenigde Nasionale Party verlang het nie, en die party se reaksie word die beste deur **Die Transvaler** saamgevat. Die blad het gevoel dat Havenga die Afrikaner slegs op een wyse kon dien: "om gehoor te gee aan die herhaalde uitnodigings van dr. Malan en sy provinsiale leiers aan alle Afrikaners om gelykop saam te werk binne die Nasionale Party".[10] Havenga se besluit is verder met stilswye deur die Herenigde Nasionale Party begroet, grootliks omdat Havenga die inisiatief vir samewerking gekaap het.

Die Afrikanerparty se beplande herorganisasieveldtog het maar swak afgeskop. Die party se organiserende sekretaris, JLV Liebenberg, het beoog om vir die kongres van 28 November 1946 verteenwoordigers uit alle dele van die land byeen te bring. In 'n poging om 'n begin te maak, versoek hy dr. JH Steyn, oud-sekretaris van Generaal Hertzog, om 'n paar Afrikanerparty-takke in Pretoria te stig.[11] Die reaksie van Steyn was ontmoedigend en hy verklaar dat "in die sentrale deel waarin ek woon twyfel ek of 'n tak gestig kan word. Sover ek weet het vir die beleidsrigting wat ons voorstaan nog nooit 'n tak bestaan nie. In die voorstede mag een of twee takke tot stand kom. Wees egter nie te optimisties nie."[12]

---

8 Ineg, PV 492, 2/1/4: Brief van MM de Kock aan NC Havenga, 11 April 1945 waarby aangeheg is die notule van die Afrikanerparty-konferensie van 31 Maart 1945.

9 NAB, H Oost-versameling, 32/94: Memorandum oor die verkiesing van NC Havenga op Kroonstad, 15 Januarie 1946.

10 **Die Transvaler**, 17 Januarie 1946.

11 Ferdinand Postma-biblioteek, JH Steyn-versameling, 2C: Brief van JLV Liebenberg aan JH Steyn, 2 Februarie 1946.

12 Ferdinand Postma-biblioteek, JH Steyn-versameling, 2C: Brief van JH Steyn aan JLV Liebenberg, 5 Februarie 1946.

Die optrede en uitsprake van Havenga en sy party het Malan nie totaal en al ontmoedig nie en toenaderingspogings tussen die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty het voortgeduur.[13] Op dié tydstip het AJ Werth, 'n Malan-vertroueling en volksraadslid vir George, samesprekings oor samewerking met Havenga gevoer. Na die ontmoeting is daar deur die Herenigde Nasionale Party-koukus besluit om die Afrikanerparty te nader met die oog op samewerking.[14] Die besluit was van groot belang, want Malan kon nou samewerking bevorder, nie meer in sy persoonlike hoedanigheid soos in die verlede nie, maar as partyleier met die steun van sy koukus.

Hoewel die idee van samewerking nog in die beginstadium was, het die Verenigde Party-pers reeds snuf in die neus gehad. Daar kon dus berig word dat Malan Havenga genader het met idees oor samewerking. `n Misgissing was egter die berig dat Havenga geensins positief op die pogings gereageer het nie.[15]

Toenaderingspogings tot die Afrikanerparty het meer substansie en momentum gekry tydens die Transvaalse kongres van die Herenigde Nasionale Party in September 1946. By dié geleentheid het Malan die inisiatief geneem deur die begeerte uit te spreek dat samewerking tussen die Afrikanerparty en sy party moes bestaan. Hierdie oproep het hy tydens die Kaaplandse kongres[16] en weer op 16 Oktober 1946 herhaal.[17] **Die Transvaler,** onder redakteurskap van dr. HF Verwoerd, het ook positief berig oor die wenslikheid van samewerking tussen die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty, terwyl Gerhard Bekker, die Herenigde Nasionale Party se volksraadslid vir Cradock, ook gepoog het om samewerking te bevorder deur knipsels van die koerantberigte aan Havenga te stuur.[18]

Die toenaderingspogings vanaf die kant van die Herenigde Nasionale Party was goed bereken en het die eerste Afrikanerparty-kongres sedert 1943 voorafgegaan. Havenga wat deurgaans 'n afwagtende houding ingeneem het, waarskynlik om die grootste voordeel uit die situasie te put, het tydens sy party se kongres te Bloemfontein 'n sterk pleidooi ten gunste van samesprekings met die Herenigde Nasionale Party gelewer. Soos voorheen het hy voorwaardes aan moontlike samewerking gekoppel, naamlik dat beide partye hul identiteit moes behou, dat Hertzogisme as beleid onderskryf moes word en dat Hertzog se behandeling die

13 Thom, p.164.
14 Ferdinand Postma-biblioteek, JH Steyn-versameling, 2C: Brief van JLV Liebenberg aan JH Steyn, 10 Februarie 1946.
15 NM Stultz, **Afrikaner politics in South Africa 1934-1948** (Kaapstad, 1974), p.103.
16 Ineg, PV 18, 3/1/48: **Skietgoed,** April, 1947.
17 **Die Transvaler**, 16 Oktober 1946.
18 Ineg, PV 492, 2/1/6: Brief van G Bekker aan NC Havenga, 4 Novemer 1946.

aandag van die Herenigde Nasionale Party moes geniet. Met indirekte verwysing na die O.B., het Havenga verklaar dat niemand by voorbaat uitgesluit moes word nie.[19]

Malan se reaksie op Havenga se voorwaardes tot samesprekings was om daarop te wys dat hy reeds verskeie uitnodigings tot private samesprekings aan Havenga gerig het. Die feit dat Havenga egter eerder verkies het om samewerking vanaf 'n openbare verhoog te propageer, was vir hom 'n steen des aanstoots en teen sy siening van hoe toenadering moes ontwikkel. Desondanks was Malan steeds hoopvol dat samesprekings sou realiseer.[20]

## 3. TOENEMENDE GOEIE GESINDHEID TUSSEN DIE O.B. EN DIE AFRIKANERPARTY

Terwyl die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty voelers wat betref samewerking uitgesteek het, het die O.B. en die Afrikanerparty dieselfde gedoen. Reeds in 1945 kon 'n verheugde vooraanstaande O.B.-lid, NGS van der Walt, sy blydskap uitspreek oor Havenga se standpunt dat samewerking nie net tot die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty vereng moes word nie.[21]

Verwikkelinge tussen die Afrikanerparty en die Herenigde Nasionale Party het ook nie ongesiens by die O.B. verby gegaan nie, en hulle was tot 'n mate ingelig oor die stand van sake. Adjunk-Kommandant-Generaal JA Smith kon die Kommandant-Generaal, JFJ(Hans) van Rensburg, meedeel dat daar in Hoopstad, die tuiste van EA Conroy, 'n Afrikanerparty-voorbanker en gewese Nasionale Party-volksraadlid vir Hoopstad, herhaalde gerugte is dat toenadering tussen Malan en Havenga goed vorder. Daar was selfs sprake dat van die Afrikanerparty-voorbokke sou aankondig dat 'n verstandhouding met Malan bereik is.[22] Gerugte het ook die rondte gedoen dat die Herenigde Nasionale Party glo poog om Havenga te beweeg om uit die politiek te tree en die Afrikanerparty-lede dan aan te raai om hulle gewig agter Malan in te gooi. Gerugte soos dié het die vrees by die O.B. laat ontstaan dat dit moontlike O.B.-Afrikanerparty-samewerking kon knou.[23] Die stand van sake het die O.B. op 'n opportunistiese wyse laat visualiseer hoe om die situasie tot hul

19 **Die Burger**, 29 November 1946.
20 **Die Burger**, 30 November 1946.
21 FJ van Heerden, **Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek 1933-1948** (D.Phil-proefskrif, UOVS), 1972, p.350.
22 Ferdinand Postma-biblioteek, O.B.-argief II/4/21: Brief van JA Smith aan JFJ van Rensburg, 14 Mei 1946.
23 Ferdinand Postma-biblioteek, O.B.-argief, II/4/21: Brief van JA Smith aan JFJ van Rensburg, 18 Mei 1946.

voordeel te gebruik. Hul sou naamlik die Afrikanerparty-moreel steun deur takstigting.[24]

Die opportunisme van die O.B. word in perspektief geplaas deur die algemene stand van sake in die organisasie. Teen 1946 was die eens bloeiende O.B. besig om die kreeftegang te gaan. Volgens 'n verslag van die O.B.-Groot Raad wat in die Herenigde Nasionale Party se hande beland het, het hoë offisiere van die organisasie nie gereeld vergader nie en was die algemene dissipline swak.[25] As deel van 'n oorlewingstrategie moes die O.B. 'n nuwe politieke tuiste vind. Om dit te bereik was Van Rensburg en sy organisasie se leierskap, luidens hul mondstuk, **Die O.B.**[26], bereid om met enige nasionaalgesinde organisasie oor samewerking te onderhandel. Dit moes egter geskied met behoud van die onderskeie groepe se identiteit en beginsels en moes niemand by voorbaat uitsluit nie. Voorstelle vir moontlike samewerking sou namens die O.B. deur die Afrikanerparty-gesinde dagblad, **Die Vaderland**, hanteer word.[27]

Hans van Rensburg se uitnodiging aan nasionaalgesinde organisasies was goed georkestreer en het soos verwag flinke reaksie by die Afrikanerparty uitgelok wat die O.B. na hul kongres op 28 November 1946 te Bloemfontein genooi het. Van Rensburg het die uitnodiging gretig aangegryp en vir dr. Piet Meyer afgevaardig om die kongres by te woon.[28] Tydens die kongres het Meyer in sy toespraak Havenga se uitnodiging tot samewerking aan alle nasionaalgesindes geloof terwyl laasgenoemde op sy beurt sy pleidooi dat niemand by voorbaat uitgesluit moes word nie, herhaal het.[29]

Die uitnodiging van die Afrikanerparty aan die O.B. het gehelp om laasgenoemde se isolasie te verlig[30] en daartoe bygedra om die organisasie se rol in die ontwikkelende samewerkingsproses te verstewig en openbaar te maak. Vir die O.B.-leier was die tuiste wat vir sy volgelinge in die Afrikanerparty gebied is 'n riem onder die hart en daarvoor het hy Havenga persoonlik bedank.[31]

24 Ferdinand Postma-biblioteek, O.B.-argief, II/4/ 21: Memorandum van NGS van der Walt, 12 Junie 1946.
25 JS Gericke-biblioteek, DF Malan-versameling, 1/1/2250: Brief van PW Botha aan DF Malan waarby die verslag van die O.B.-Groot Raad aangeheg was, 20 Desember 1946.
26 **Die O.B.**, 13 November 1946.
27 Ferdinand Postma-biblioteek, O.B.-argief II/4/21: Verklaring uitgereik deur JFJ van Rensburg, 21 November 1946.
28 Ferdinand Postma-biblioteek, O.B.-argief II/4/21: Brief van JFJ van Rensburg aan EA Conroy, 23 November 1946.
29 Ineg, PV 51, 20/269: Toespraak deur die O.B. gelewer tydens die Afrikanerparty-kongres, 29 November 1946.
30 Ferdinand Postma-biblioteek, O.B.-argief, II/4/21: Brief van JFJ van Rensburg aan 'n Generaal (onbekend), 11 Desember 1946.
31 Ineg, PV 492, 2/1/6: Brief van JFJ van Rensburg aan NC Havenga, 11 Desember 1946.

Terwyl Malan en die Herenigde Nasionale Party onsuksesvol na die Afrikanerparty gevry het, het laasgenoemde party, getrou aan Havenga se visie van inklusiewe samewerking, 'n gesonde verstandhouding met die O.B. ontwikkel. Die ontwikkeling het nie ongesiens by die Herenigde Nasionale Party verbygegaan nie. 'n Ideologiese kruitvat was dus aan die ontwikkel indien die Afrikanerparty en die Herenigde Nasionale Party nader aan mekaar sou beweeg.

Vanaf Herenigde Nasionale Party-kant was Malan steeds meer as gretig om samesprekings met Havenga te voer. Malan, wat grootliks in sy persoonlike hoedanigheid opgetree het, wou sake beredder deur vertroulike gesprekvoering. Die motivering vir die geheimhouding was waarskynlik om maksimum politieke gewin daaruit te kry. Vanaf sy kant het Malan slegs een voorwaarde gestel, naamlik dat die O.B. weens hul ideologiese posisie nie betrokke mag wees nie.[32] Hierteenoor was Havenga langtand oor Malan se uitnodiging tot samesprekings. Vir gesprekvoering om wel plaas te vind, het Havenga in die openbaar verskeie voorwaardes gestel soos dat Hertzogisme aanvaar moes word as die beleidsrigting. Op 'n persoonlike vlak was hy ook nog steeds bitter oor die behandeling wat hy en Hertzog in 1943 van die Nasionaliste ontvang het. Die verreikendste voorwaarde van Havenga was egter dat enige samesprekings nie inklusief moes wees nie, maar dat alle nasionaalgesindes met behoud van hul identiteit betrokke moes wees.

Teen die einde van 1946 was die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty dus steeds nie veel nader aan mekaar nie, grootliks weens persoonlike en ideologiese redes. Om die dooiepunt te oorkom, was 'n bemiddelaar of bemiddelaars nodig, aangesien dit geblyk het dat die twee leiers en hul partye nie die vermoë gehad het om by mekaar uit te kom nie.

## 4. POGINGS TOT EN DIE REALISERING VAN SAMESPREKINGS TUSSEN MALAN EN HAVENGA

'n Bemiddelaar wat vir die doel na vore getree het, en wat ook kon baat by Afrikanersamewerking, was die Afrikaner-Broederbond. Teen die agtergrond van die pleidooie tot samewerking tussen Malan en Havenga het die voorsitter van die Uitvoerende Raad van die Broederbond, JH Conradie, hom in sy jaarverslag bereid verklaar om die leiding te neem vir die reël van samesprekings tussen die twee leiers.[33]

Die geleentheid vir leiding in die beoogde samewerking het op 29 Februarie 1947 tydens 'n buitengewone vergadering van die Uitvoerende Raad van die

32 JL Basson, **J.G. Strijdom: sy politieke loopbaan van 1929 tot 1948** (Pretoria, 1980), pp. 520-1.
33 AN Pelzer, **Die Afrikaner - Broederbond: eerste 50 jaar** (Kaapstad, 1979), p.104.

Broederbond te Johannesburg aangebreek. Nadat moontlike samesprekings bespreek is en JH Conradie sekere voorstelle daaromtrent gemaak het, is besluit om alle reëlings vir die voorgestelde ontmoeting in Conradie en TE (Eben) Dönges se hande te laat.[34] Om die nuus te weerhou van diegene wat die samesprekings nie goedgesind was nie, is groot geheimhouding aan die dag gelê. As bewys hiervoor vermeld Verwoerd, in 'n brief aan Strijdom, dat 'n vergadering in Johannesburg gehou is oor moontlike samesprekings met Havenga in ooreenstemming met Malan se verklaarde beleid.[35] Om enige ongewenste elemente wat die brief mag lees op 'n dwaalspoor te bring, het Verwoerd Johannesburg met Kaapstad en Havenga met Hofmeyr vervang. Ondertussen het Dönges en Conradie hulle reëlings begin tref vir die voorgestelde samesprekings. Die ontmoeting tussen die twee leiers sou op 1 Maart 1947 [36] aan huis van Dönges in Kaapstad plaasvind.[37]

Die nuus dat daar op 'n datum ooreengekom is vir Malan en Havenga se ontmoeting, is deur JH Steyn aan Hans van Rensburg oorgedra.[38] Die O.B.-leier het die kans aangegryp om, kort voordat hy vir die samesprekings na Kaapstad sou vertrek, 'n ontmoeting met Havenga te reël om `n meer amptelike samewerking tussen hul organisasies te vestig. Van Rensburg het oop kaarte met Havenga gespeel. Die Afrikanerparty-leier is ingelig dat die O.B. steeds aan die verswak was maar tog 'n gesonde kern van goeie Afrikaners gehad het. Havenga is meegedeel dat indien hy die O.B.-lede as partylede sou aanvaar, Van Rensburg hulle sou oortuig om by die Afrikanerparty aan te sluit. Teen hierdie voorstel het Havenga geen beswaar gehad nie; sy enigste voorwaarde was dat die O.B.-lede hulle streng by partydissipline moes hou. Dit was vir Van Rensburg aanvaarbaar. Die weg was dus nou gebaan vir O.B.-lede om as individue by die Afrikanerparty aan te sluit. Of hulle steeds O.B.-lede sou bly, was nie vir Havenga van belang nie.[39]

Getrou aan sy uitsprake dat samesprekings niemand by voorbaat moes uitsluit nie, het Havenga dus 'n mondelinge ooreenkoms met die O.B. bereik en sodoende die "goedgesindheid" `n groter formaliteit gegee. Havenga se besluit om lede van die

34 Kaaplandse Argiefbewaarplek (KAB), TE Dönges-versameling, 85: Notule van 'n buitengewone vergadering van die Uitvoerende Raad van die Afrikaner-Broederbond, 29 Februarie 1947.

35 Ineg, PV 93, 711/141/55: Brief van HF Verwoerd aan JG Strijdom, 3 Maart 1947.

36 DF Malan, **Afrikaner volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen** (Kaapstad, 1961), p. 233. Malan gee die datum vir sy samesprekings met Havenga aan as April 1947. Dit is foutief. Daar moet egter in gedagte gehou word dat Malan by die skryf van sy boek na aan die einde van sy lewenspad was en sy geheue hom moontlik in die steek gelaat het.

37 HB Thom, **Politieke driehoek 1947-1948: Malan, Strijdom en Havenga: Generaal JBM Hertzog gedenklesing, V1. Stellenbosch, 26 April, 1976** (Johannesburg, 1976), pp. 6-7.

38 JFJ van Rensburg, **Their paths crossed mine** (Johannesburg, 1956), pp. 254-6.

39 Vele ander persone ken 'n groter rol aan Van Rensburg toe en sien hom selfs as die inisieerder van die Malan-Havenga-samesprekings. Daar is egter geen bewyse daarvoor nie. Vir persone wat die rol aan hom toeken, sien J D'Oliveira, **Vorster - die mens**, pp. 94-5; D en J de Villiers, **Paul Sauer,** pp. 88-9; Ferdinand Postma-biblioteek, O.B.-argief, transkripsies 91, 105, 106: O.B.-herinneringe van CA Pienaar.

O.B. as Afrikanerparty-lede te aanvaar, het die isolasie waarin die organisasie was verder verbreek en terselfdertyd 'n partypolitieke heenkome vir die lede daarvan geskep. Op die vooraand van Havenga se samesprekings met Malan het Havenga dus die enigste voorwaarde van Malan, naamlik dat die O.B. nie betrokke moes wees nie, op 'n indirekte wyse ongedaan gemaak. Van die verdieping in die verhouding was die Herenigde Nasionale Party en Malan op dié tydstip salig onbewus.

Op 1 Maart 1947 het Malan en Havenga mekaar ontmoet. Die feit dat die twee leiers mekaar na al die verskille van die verlede kon ontmoet, was 'n pluimpie vir Dönges en Conradie se reëlings.[40] Tydens die gesprek is verskeie sake[41] openhartig en indringend bespreek.[42] Die vernaamste aspek was hoe om die 1948-verkiesing, wat slegs een jaar weg was, te wen. Om dit te verwesenlik, moes beide leiers saamwerk en die verlede begrawe. Dit is tot 'n groot mate, aldus Malan, bereik, en hy het gevoel dat eenheid en vaderlandsliefde vooropgestel is. Tevrede kon hy verklaar: "(D)ie vraagstukke van die verlede was van die baan. Die gevolg was dat op versigtige en geduldige wyse ons ons partye nou moes nader, vir eers in 'n vriendskaplike bondgenootskap met mekaar moes saamwerk, en so langsamerhand die weg tot volkome eenwording met mekaar moes voorberei."[43]

'n Dag nadat die samesprekings plaasgevind het, kon Malan in besonderhede aan EG Jansen daaroor berig. Luidens Malan is besluit dat die Afrikanerparty, hoewel hy sy identiteit gaan behou, sy volle steun aan die Herenigde Nasionale Party gaan gee. Eenwording was dus nie op dié tydstip 'n moontlikheid nie. Wat setels betref, het die Afrikanerparty geen eise gestel nie, bloot omdat hulle die landstoekoms belangriker as setels geag het. Setels sou eerder in die toekoms na aanleiding van vriendskap en samewerking verdeel word.

Wat die posisie van die O.B. in die Afrikanerparty betref, is Malan deeglik deur Havenga ingelig. Hoewel dit vir Malan eienaardig was dat O.B.-lede ook Afrikanerparty-lede kon wees, was hy heel inskiklik daaroor, veral as die O.B.-Afrikanerparty-lede onder Havenga se leiding die Herenigde Nasionale Party aktief sou steun. Volgens Malan sou die stand van sake ook verhoed dat O.B.-lede die demokrasie skade berokken.

Die beoogde strategie wat gedurende die daaropvolgende weke gevolg sou word was om die leiers die geleentheid te bied om hul partygenote oor die samesprekings

40 Thom, **D.F. Malan**, pp. 164-5.
41 Thom, **Politieke driehoek ...**, p.7.
42 Malan, p. 233.
43 Ineg, PV 94, 77/4: Brief van DF Malan aan EG Jansen, 2 Maart 1947.

te raadpleeg. Beide Malan en Havenga het slegs steun verwag. Die oriënteringsfase sou gevolg word deur 'n gesamentlike verklaring om die optimale voordeel uit die samesprekings te kry.[44]

Na jare van broedertwis het Malan en Havenga mekaar dus, op die oog af, gevind. Vir Malan was die emosie en simboliek van Afrikanereenheids- en versoeningspogings voorop. Dit het selfs swaarder geweeg as setels of die feit dat die Afrikanerparty slegs in naam bestaan het en dat O.B.-lede ook Afrikanerparty-lede met partyvoorregte kon wees. Die pragmatiese houding van Malan oor die rol van die O.B. in die Afrikanerparty was 'n reuse afwyking van sy vorige beginselstandpunt en is waarskynlik gedoen vir groter eenheid en om Havenga te paai. Hierteenoor het Havenga sy sukkelende party, sonder 'n enkele setel, met behoud van identiteit, verhef tot 'n bondgenoot van die Herenigde Nasionale Party. Terselfdertyd het hy daarin geslaag om Malan te sus oor die posisie van O.B.-lede in sy party.[45] Malan en die Herenigde Nasionale Party het dus onbewustelik 'n bondgenoot van Havenga en die O.B. geword.

Malan se opgewondenheid is nie heeltemal deur JF (Hans) Strijdom, die Transvaalse leier, wat gevoel het dat verskeie probleme kon opduik, gedeel nie. Een hiervan was dat die Afrikanerparty, ondanks die feit dat hulle luidens Havenga geen beginselverskille met die Herenigde Nasionale Party gehad het nie, sy identiteit kon behou. Die motivering hiervoor sou glo die vrees wees dat sekere Afrikanerpartylede, as eenwording bereik sou word, na die Verenigde Party kon oorloop. Met hul aparte identiteit sou die Afrikanerparty egter die Herenigde Nasionale Party ten volle steun. Vir dié steun het die Afrikanerparty tot Strijdom se vreugde geen eise ten opsigte van setels gestel nie. Die Afrikanerparty was egter van mening dat hulle sekere Verenigde Partysetels met die hulp van die Herenigde Nasionale Party sou kon verower bloot omdat vele Engelse kiesers eerder 'n Afrikanerparty-kandidaat as 'n Herenigde Nasionale Party-kandidaat sou steun.

'n Aspek van die samesprekings waaroor Strijdom totaal en al waningelig was, het oor die O.B. gehandel. Strijdom is meegedeel dat Havenga niks met die O.B. te doen wou hê nie en hy het gevolglik die Herenigde Nasionale Party se opinie dat geen ooreenkoms met hulle gesluit kon word nie, gedeel. Volgens Strijdom het Havenga dit duidelik gestel dat die O.B. besig was om te verdwyn, en dat dié besef hulle aangemoedig het om by die Afrikanerparty aan te sluit.

44 NM Stultz, **The Nationalists in opposition 1934-1948** (Kaapstad, 1974), p. 102
45 Ineg, PV 93, 141 (711) 57: Brief van JG Strijdom aan HF Verwoerd, 5 Maart 1947.

Ondanks sy versigtigheid het Strijdom gevoel dat 'n aanbod van steun sonder die stel van eise oor setels of seggenskap oor Herenigde Nasionale Party-kandidate nie te versmaai was nie.[46] In dié vroeë stadium het daar dus reeds een kardinale vertolkingsverskil oor die Malan-Havenga-samesprekings ontstaan, naamlik die posisie van die O.B. in die Afrikanerparty. Waar Malan bewus was van die stand van sake en sy goedkeuring daaraan gegee het, het Strijdom Havenga se standpunt teenoor die O.B. as afsydig vertolk. Die vertolkingsverskille was die voorspel tot groot onmin in die Herenigde Nasionale Party.

Die resultate van die Malan-Havenga-samesprekings is `n ruk later aan die Herenigde Nasionale Party-koukus voorgelê vir goedkeuring. Die versigtigheid wat Strijdom vroeër geopenbaar het, is deur Eric Louw, voorbanker en volksraadslid vir Beaufort-Wes, verder gevoer. Louw het sy teenkanting teen die samewerking uitgespreek. Syns insiens wou die Afrikanerparty sy identiteit behou om sodoende in 'n magsposisie te kan wees indien die Herenigde Nasionale Party-Afrikanerparty-kombinasie die verkiesing met 'n klein meerderheid sou wen. Louw het voorts verklaar dat die rol wat die O.B. besig was om in die Afrikanerparty te speel hom verder tot versigtigheid stem.[47]

Eric Louw se pessimisme is nie deur ander Herenigde Nasionale Party-voorbankers soos TE Dönges, AJ Werth, AJ Stals en G Bekker gedeel nie.[48] Vir hulle was die Malan-Havenga-samesprekings van uiterste noodsaak as die Herenigde Nasionale Party die Verenigde Party in die komende algemene verkiesing wou verslaan. Op Strijdom se versigtigheid en Louw se vrese is daar dus deur die oorgrote meerderheid lede geen ag geslaan nie.

Die reaksie op die Malan-Havenga-samesprekings vanuit Afrikanerparty-geledere was om die krediet daarvoor op te eis. Tydens 'n spesiale hoofbestuursvergadering is dit onomwonde gestel dat samesprekings slegs plaasgevind het na aanleiding van Havenga se toespraak tydens die Afrikanerpartykongres van 1946. Havenga het hierop voortborduur deur die gevoel uit te spreek dat slegs die Afrikanerparty se toetrede tot die politiek die Afrikaner sou kon red. Om dié rede het hy die verlede en spesifiek generaal JBM Hertzog se behandeling daar gelaat en besluit dat die Afrikanerparty met behoud van identiteit met die Herenigde Nasionale Party sou saamwerk. Wat die O.B. betref, verklaar Havenga dat hy Malan gevra het om vrede met hulle te maak. Malan het volgens Havenga die Afrikanerparty as die medium

46 PF van der Schyff, **Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse politiek tot 1948** (D.Litt.-proefskrif, PU vir CHO, Potchefstroom, 1974), pp. 666-7.
47 Ineg, PV 84, 1: Dokument getitel "So het ons een geword", ongedateer.
48 NAB, H Oost-versameling, 32: Notule spesiale hoofbestuursvergadering van die Afrikanerparty, 17 Maart 1947.

hiertoe gesien. Om dit te bereik het Havenga tydens die samesprekings onderneem om 'n ontmoeting tussen Malan en die O.B. te reël.[49]

Die Afrikanerparty se siening van die samesprekings het, veral wat die O.B. betref, drasties verskil van dié van die Herenigde Nasionale Party. Wat op dié tydstip sterk na vore getree het, was dat Havenga 'n groter O.B.-betrokkenheid by samewerking gevisualiseer het en dat sy party die weg daartoe moes voorberei. Terselfdertyd het Havenga op `n grootmoedige wyse die behandeling wat sy mentor, Hertzog, van die Nasionaliste ontvang het, vir `n groter saak laat vaar.

As bewys van sy vriendskap met die O.B. en sy visie van breër samewerking het Havenga, kort na die samesprekings, Hans van Rensburg daaroor ingelig. Volgens Havenga was die samesprekings vrugbaar en is daar geen voorwaardes gestel nie. Hoewel die gesprek slegs oor sake met betrekking tot die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty gehandel het, het dit geensins afbreuk gedoen aan Havenga se goedgesindheid teenoor die O.B. nie, en O.B.-lede was steeds met behoud van identiteit in die Afrikanerparty welkom. Tot hierdie standpunt wou Havenga ook vir Malan oortuig.

Die stand van sake was vir Van Rensburg, wat groter verwagtinge gehad het, 'n teleurstelling, aangesien dit die O.B. as 'n organisasie steeds geïsoleer gelaat het. Die teleurstelling is deur Havenga gepeil en hy het Van Rensburg probeer bemoedig deur te verduidelik dat die O.B. nie by die samesprekings betrokke kon raak nie weens die organisasie se gebrek aan partystatus. Dit was vir Van Rensburg onaanvaarbaar en hy het druk op Havenga geplaas deur te verklaar dat sekere O.B.-lede voel dat hulle in die steek gelaat is deur die gebeure by die samesprekings. Dié uitspraak van Van Rensburg het Havenga diep getref en sy gevoel was dat indien die samesprekings eerder tweespalt as samewerking sou skep, hy bereid was om hom, op Van Rensburg se advies, daaraan te onttrek. Havenga se uitspraak het Van Rensburg in `n skaakmatposisie geplaas, want hy wou nie die Malan-Havenga-samesprekings kelder nie; hy wou slegs betrokke wees as deel van 'n verenigde Afrikanerfront.[50]

Onder die druk van die O.B.-leier het Havenga die kwessie omtrent die O.B. en samesprekings met Malan opgeneem. Hy stel dit baie duidelik dat die saak hom na aan die hart lê en dat hy voel dat die O.B. amptelik betrokke moet wees by samesprekings. So 'n stap sou volgens Havenga lei tot 'n algehele eenheid en 'n nuwe

49 Ferdinand Postma-biblioteek, JH Steyn-versameling, 2C: Brief van JFJ van Rensburg aan vriend, 13 Maart 1947.
50 JS Gericke-biblioteek, DF Malan-versameling, 1/1/2282: Brief van NC Havenga aan DF Malan, 18 Maart 1947.

begin.[51] Vir hierdie standpunt van hom het Havenga 'n simpatieke oor by AJ Werth gevind. Op versoek van Havenga sou Werth vir Van Rensburg op 'n informele wyse in Kaapstad ontmoet om oor sulke samesprekings te gesels.[52]

Havenga se oproep tot Malan om die O.B. by samesprekings te betrek, het egter op dowe ore geval en vanaf Herenigde Nasionale Party-kant is die status quo teenoor die O.B. gehandhaaf. Hoewel Malan aanvaar het dat sy bondgenoot 'n bepaalde verstandhouding met die O.B. gehad het, en dat O.B.-lede by die Afrikanerparty kon aansluit en derhalwe die demokratiese proses kon steun, was dit waar sy toegeeflikheid geëindig het. Havenga se poging om 'n verenigde Afrikanerfront met beide Malan en Van Rensburg daarin op die been te bring, was dus onsuksesvol. Dit het egter net verder daartoe bygedra dat op die vooraand van die publikasie van die uitkoms van die Malan-Havenga-samesprekings, 'n eienaardige politieke driehoek aan die ontwikkel was.

## 5. 'N OOREENKOMS WORD TUSSEN MALAN EN HAVENGA BEREIK - MAART 1947

Vier dae na afloop van die Malan-Havenga-samesprekings stuur Malan 'n voorgestelde konsepverklaring aan die Afrikanerparty-leier. As rede vir dié haastige optrede, wat die beplande oriënteringsfase baie sou afskaal, voer Malan aan dat die **Cape Argus** reeds snuf in die neus gehad het oor die samesprekings. Malan wou ook hê dat EG Jansen die volle voordeel van die samesprekings tydens die Wolmaransstad-tussenverkiesing moes geniet, want die tussenverkiesing sou as toetsterrein vir verdere samewerking dien. Die Herenigde Nasionale Party-leier deel Havenga ook met genoeë mee dat almal in sy party die samesprekings goedkeur.[53] Die opmerking van Malan, na Louw se tirade en Strijdom se versigtigheid, was `n doelbewuste misleiding. Op hierdie delikate tydstip kon Malan nie toelaat dat elemente in sy party samewerking kelder nie.

Malan se haas met die konsepverklaring het 'n geskarrel in die Afrikanerparty veroorsaak. Die party se sekretaresse het dadelik kennisgewings aan die hoofbestuurslede gestuur om hulle te verwittig van 'n vergadering op 17 Maart 1947 in **Die Vaderland** se kantore te Johannesburg.[54] By dié geleentheid sou

---

51 NAB, NC Havenga-versameling, 27: Brief van NC Havenga aan AJ Werth, 18 Maart 1947.
52 NAB, NC Havenga-versameling, 27: Brief van DF Malan aan NC Havenga waarby die konsepverklaring aangeheg was, 5 Maart 1947.
53 Ineg, PV 51, 3/188: Brief van JLV Liebenberg aan MM Stander, 8 Maart 1947.
54 Ineg, PV 51, 3/187: Brief van JHB Reitz aan MM Stander, 6 Maart 1947.

Havenga verslag doen oor die samesprekings terwyl die konsepverklaring bespreek sou word.[55]

Tydens die spesiale hoofbestuursvergadering van die Afrikanerparty is Malan se voorgestelde konsepverklaring aan deeglike bespreking onderwerp voordat dit aanvaar is.[56] Getrou aan sy goeie verstandhouding met die O.B. het Havenga, met die hoop om 'n breë Afrikanerfront daar te stel,[57] 'n toevoeging voorberei wat die O.B. betrokke sou kry.[58]

Havenga kon Malan dus kontak en hom inlig dat die Afrikanerparty-hoofbestuur die voorgestelde konsepverklaring aanvaar het. In belang van die Afrikaner sou Havenga egter wou sien dat sy toevoeging ten opsigte van die O.B. deel daarvan word.[59] Dié versoek van Havenga het Malan nie geval nie, want 'n dag voor die publikasie van die konsepverklaring laat weet Werth vir Havenga dat sy voorgestelde toevoeging nie aanvaar is nie en deur voorstelle van Malan vervang is.[60]

Malan het deur die tyd fyn te sny die voorgestelde toevoegings gediskwalifiseer en sodoende vir Havenga gefnuik in sy pogings om die O.B. betrokke te kry. Die Malan-voorstelle en -optrede moes noodgedwonge deur die Afrikanerparty aanvaar word, want die volgende dag is die veranderde konsepverklaring gepubliseer, sonder Havenga se O.B.-vriendelike voorstel.

Die eerste tree na Afrikanersamewerking is dus gegee en die volgende samewerkingsooreenkoms kon gepubliseer word:

> "Dr. D.F. Malan, hoofleier van die Herenigde Nasionale Party, en oud-minister NC Havenga, leier van die Afrikanerparty, het samesprekings gehad oor die huidige politieke situasie en die komende algemene verkiesing, en met die oog daarop ook oor die verhouding van hul onderskeie partye tot mekaar.

55 NAB, H Oost-versameling, 32: Notule van spesiale hoofbestuursvergadering van die Afrikanerparty, 17 Maart 1947.
56 Ferdinand Postma-biblioteek, JH Steyn-versameling, 2C: Brief van JFJ van Rensburg aan vriend, 13 Maart 1947.
57 JS Gericke-biblioteek, DF Malan-versameling, 1/1/2282: Brief van NC Havenga aan DF Malan, 18 Maart 1947.
58 Ferdinand Postma-biblioteek, JH Steyn-versameling, 2C: Brief van JFJ van Rensburg aan vriend, 13 Maart 1947.
59 NAB, NC Havenga-versameling, 27: Telegram van AJ Werth aan NC Havenga, 21 Maart 1947.
60 **Die Transvaler**, 22 Maart 1947.

> Hulle het albei onder die diepe besef verkeer van die erns van die tyd, en insonderheid van die gevare wat ons blanke beskawing bedreig, en deel met mekaar die oortuiging dat Suid-Afrika se hoogste volksbelange die verwerping van die Smuts-Hofmeyr-bewind vereis, en met daardie doel voor oë ook die inspanning van die uiterste en verenigde kragte van hul onderskeie partye.
>
> Hulle het bevind dat daar geen verskille in beginsels of in algemene beleid bestaan wat daardie gewenste en eendragtige samewerking sou kan verhinder nie.
>
> Hulle het dan ook namens hulself en namens hul onderskeie partye tot sodanige samewerking met mekaar ooreengekom.
>
> Die besprekings het plaasgevind op die grondslag dat elkeen van die twee partye sy eie identiteit behou. Verder is daar geen eise van enige aard teenoor mekaar gestel of bespreek nie, en is dit aangeneem dat deelgenootskap in dieselfde volksdiens en kameraadskap in dieselfde stryd toegelaat sal word om toekomstige verhoudinge self en vryelik te bepaal.
>
> Ten slotte doen hulle opreg en dringend 'n beroep op alle Suid-Afrikaners wat tot ander groepe behoort, maar wat op die fundamentele vraagstukke met hulle saamstem, om hul ondersteuning te verleen vir die bereiking van die voorgestelde doel.
>
> Hulle gee die versekering dat sodanige ondersteuning welkom sal wees, en vertrou dat langs daardie weg ons so gewenste volkseenheid opnuut en op hegte en blywende grondslag weer opgebou sal word, en dat alle verskille wat weens die oorlog of ander omstandighede ontstaan het, vir goed begrawe en vergeet sal word."[61]

Met die publikasie van die ooreenkoms is samewerking tussen die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty beklink. As sodanig het die ooreenkoms nie veel van 'n aanduiding gegee wat in die toekoms verwag kan word nie, behalwe dat verenigde kragte met behoud van 'n eie identiteit die wagwoorde was tot suksesvolle samewerking.

61 **Die Burger**, 26 Maart 1947.

## 6. REAKSIE OP DIE MALAN-HAVENGA-OOREENKOMS

Die aanvanklike reaksie van die Verenigde Party moes vir die Afrikanerparty en die Herenigde Nasionale Party 'n groot teleurstelling gewees het. Nie een van die Verenigde Partygesinde koerante het dit hoog genoeg aangeslaan om redaksionele kommentaar daarop te lewer nie.[62] Die **Rand Daily Mail** het bloot die verklaring van Malan en Havenga sonder enige kommentaar gepubliseer.[63] Die koerant was bowendien van oordeel dat Havenga niks gehad het om die Herenigde Nasionale Party te bied nie.[64] **The Star** het op bladsy 9 'n versteekte beriggie oor die ooreenkoms gepubliseer. Die uitgangspunt was dat dit tot mislukking gedoem was. Meer aandag is aan die gespanne Malan-Havenga-verhouding in die verlede as aan die ooreenkoms gewy.[65] Heftiger reaksie het 'n week na die ooreenkoms gevolg, met uiteenlopende standpunte soos dat dit geen waarde het nie en dat dit Afrikanervereniging was wat 'n gevaar vir die regering inhou.[66]

Aan die ander kant van die spektrum het die O.B.-leier, Hans van Rensburg, in 'n openbare verklaring sy vreugde oor die ooreenkoms uitgespreek. Vir hom was dit "die eerste stap tot eventuele samewerking tussen alle Afrikaners - 'n ideaal wat die O.B. nog altyd nagestrewe het".[67] In die O.B.-binnekringe was die gemoedstoestand egter een van teleurstelling omdat die organisasie nie direk betrokke was nie. Die teleurstelling is verhoog deur die Herenigde Nasionale Party se verwerping van alle O.B.-toenaderings insluitend Havenga se pogings om hulle betrokke te kry. Om dié struikelblok te bowe te kom, is Havenga weer onder druk geplaas met 'n versoek om Malan te pols met die idee dat die O.B. beide partye se politieke leiding sou steun deur in ruil daarvoor die ideologie van 'n partylose staat te verwerp.[68] Die versoek wat in werklikheid die afsweer van nasionaal-sosialisme veronderstel het, dui op die desperaatheid van die O.B. om by samewerking betrokke te raak. Ook hiervoor het Malan nie geval nie.

Ondertussen het O.B.-lede voortgegaan om deel van die ooreenkoms te word deur Afrikanerparty-takke te stig of by bestaande takke aan te sluit.[69] Hierdie optrede het die ongekwalifiseerde steun van Havenga geniet.[70]

62 **Rand Daily Mail**, 22 Maart 1947.
63 **The Star,** 22 Maart 1947.
64 **Die Burger**, 2 April 1947.
65 **Rand Daily Mail,** 29 Maart 1947.
66 NAB, NC Havenga-versameling, 27: Brief van DF Malan aan NC Havenga, 2 April 1947.
67 JS Gericke-biblioteek, DF Malan-versameling, 1/1/2291: Brief van JA Smith aan NC Havenga aangeheg aan 'n brief van NC Havenga aan DF Malan, 23 April 1947.
68 Ferdinand Postma-biblioteek, JH Steyn-versameling, 2C: Brief van JFJ van Rensburg aan Amice, 13 Maart 1947.
69 **Die O.B.**, 25 Maart 1947.
70 **Die Vaderland,** 22 Maart 1947.

Vanuit Afrikanerparty-geledere was die reaksie op die aankondiging van die ooreenkoms maar bra bedeesd. **Die Vaderland** het die ooreenkoms gepubliseer en daarop gewys dat dit oral met groot blydskap ontvang is. 'n Lang en opdraande stryd is egter deur die blad voorsien.[71] Dit het selfs voorgekom asof die Afrikanerparty meer bekommerd was oor die O.B. se reaksie op die ooreenkoms as dié van die Herenigde Nasionale Party. Op 'n vraag van **Die Vaderland** op welke wyse die ooreenkoms O.B.-Afrikanerparty-betrekkinge sou raak, het Havenga aangevoer "dat lede van die O.B. byvoorbeeld nooit belet is om lid van die Afrikanerparty te word nie. Wat die Afrikanerparty betref, word steun van die kant van hierdie organisasies met behoud van hulle opregte identiteit op nie-partypolitieke gebied verwelkom."[72] **Die Vaderland** het hierdie standpunt onderskryf.[73]

Die ooreenkoms was andersins soos manna uit die hemel vir die Afrikanerparty. Met hernieude ywer het hulle begin organiseer. Omsendbriewe ten opsigte van die vereistes en benodigdhede vir takstigting is aan verskeie belanghebbendes gestuur, terwyl beklemtoon is dat die Afrikanerparty as afsonderlike party sou funksioneer.

In die Herenigde Nasionale Party-pers is die ooreenkoms met banieropskrifte verwelkom en uitgedra.[74] Luidens **Die Burger** is die hand van broederskap in goeie gesindheid uitgereik en daarom was dit nie eens nodig om oor eise en voorwaardes te gesels nie. Die redakteur van die blad, dr. AL Geyer, was die mening toegedaan dat die ooreenkoms groot gevaar vir die Verenigde Party ingehou het, veral omdat dit 'n sneeubaleffek met betrekking tot Afrikanereenheid tot gevolg kon hê.[75] Daarteenoor was die redakteur van **Die Transvaler**, dr. HF Verwoerd, versigtig optimisties. Hy was van oordeel dat die ooreenkoms vriendskaplike houdings herstel en skeidings laat verval het, maar dat die ooreenkoms so gou moontlik moes lei tot eenwording. Om dit te kon bereik, moes die O.B. van hul nasionaal-sosialistiese beleid afsien, ontbind en deur die Afrikanerparty en die Herenigde Nasionale Party tot die stryd toetree.[76] Verwoerd kon die ooreenkoms net op een voorwaarde ondersteun, naamlik dat dit moes uitloop op eenwording tussen die Afrikanerparty en die Herenigde Nasionale Party.[77]

Vele Herenigde Nasionale Party-kiesers het positief op die ooreenkoms gereageer. Toe die ooreenkoms die eerste keer deur Gerhard Bekker, 'n stryder vir

71 NAB, JG Strijdom-versameling, 59: Berig uit **Die Vaderland**, 22 Maart 1947, met notas deur Strijdom.
72 **Die Vaderland,** 22 Maart 1947.
73 Ineg, PV 51, 2/3: Omsendbrief van MM de Kock aan Heer/Mevrou, 1947.
74 **Die Burger,** 22 Maart 1997.
75 **Die Transvaler**, 22 Maart 1947.
76 O Geyser, **Dr. H.F. Verwoerd die republikein: hoofartikels uit Die Transvaler,** pp. 157-8.
77 **Die Burger**, 24 Maart 1947.

samewerking, in die Paarl bekend gemaak is, is dit langdurig toegejuig.[78] Die ooreenkoms het mense ook weer by die Herenigde Nasionale Party laat aansluit.[79] Gunstige reaksies is ook van Herenigde Nasionale Party-takke ontvang waaronder Graaff-Reinet, Potchefstroom[80] en Klerksdorp.[81] Die vreugde is ook gedeel deur groepe buite die ooreenkoms soos die Gryshemde,[82] die Boerenasie[83] en die Nuwe Orde.[84]

Die aankondiging van die ooreenkoms net voor die Wolmaransstad-tussenverkiesing het op plekke in die kiesafdeling soos Ottosdal en Makwassie staande toejuiging uitgelok. Tydens die verkiesingsveldtog het EG Jansen en AJ Werth waardering vir die ooreenkoms uitgespreek. Ook JG Strijdom het sy versigtigheid laat vaar en sy steun aan die ooreenkoms toegesê en die hoop uitgespreek dat dit sou lei tot Afrikanereenheid.[85]

Dit sou egter nie lank Strijdom se houding wees nie. Volgens BJ Schoeman, 'n voorbanker wat die ooreenkoms goedgesind was omdat dit 'n driehoekige verkiesingstryd sou uitskakel, het 'n berig in **Die Vaderland** van 24 Maart 1947,[86] wat aangedui het dat O.B.-lede sonder voorbehoud in die Afrikanerparty welkom is, Strijdom se houding onmiddellik laat verander. Hy het hierna teen die ooreenkoms gedraai.[87] Ander vooraanstaande Herenigde Nasionale Partylede soos Eric Louw en Hendrik Verwoerd het Strijdom se gevoel gedeel en was van oordeel dat Malan te ver uit sy pad gegaan het om die Afrikanerparty te akkommodeer.[88]

Die vrees van die Herenigde Nasionale Party-lede wat negatief teenoor die ooreenkoms gestaan het, word dalk die beste deur 'n lid van die publiek verwoord: "Wat is die prys wat ons nou moet betaal vir die volgelinge van Havenga. Sal ons nou weer moet setels gee aan Harm Oost, Fullard, Viljoen en Kie? Moet hierdie

78 **Ibid**.
79 JS Gericke-biblioteek, DF Malan-versameling, 1/33/3: Telegram van JJS van der Spuy aan DF Malan, 11 April 1947.
80 JS Gericke-biblioteek, DF Malan-versameling, 1/33/3: Telegram van JJ de V Joubert aan DF Malan, 21 Mei 1947.
81 JS Gericke-biblioteek, DF Malan-versameling, 1/1/2284: Telegram van Weichard aan DF Malan, ongedateerd.
82 JS Gericke-biblioteek, D.F. Malan-versameling, 1/1/2285: telegram van Rudman aan D.F. Malan, ongedateerd.
83 Ineg, PV 18, 3/1/48: **Skietgoed,** April, 1947.
84 **Die Transvaler**, 26 Maart 1947: Die aankondiging van die ooreenkoms moes die gewenste effek gehad het, want EG Jansen het die Wolmaransstad-setel met 'n vergrote meerderheid van 1 377 stemme gewen. Sien DP Goosen (red)., **Die triomf van nasionalisme in Suid-Afrika (1910-1953), insluitende 'n volksalbum van nasionale kampvegters in diealgemene verkiesingstryd, 1953** (Johannesburg 1953), p. 606.
85 **Die Vaderland,** 24 Maart 1947.
86 BJ Schoeman, **My lewe in die politiek,** pp. 124-5.
87 Thom, **D.F. Malan,** p.187.
88 NAB, JG Strijdom-versameling, 57: Brief van MJ Erasmus aan JG Strijdom, 22 Maart 1947.

mense wat niks gedoen het nie, nou die voordeel trek van die Herenigde Nasionale Party se organisasie, die geld en die Nasionaliste wat in die organisasie belê is?"[89]

Uiteenlopende standpunte het dus in die Herenigde Nasionale Party bestaan oor die ooreenkoms met die Afrikanerparty. Die realiteit was dat die ooreenkoms bestaan het en dat dit ongeveer twee jaar se pogings tot samesprekings en samewerking geneem het om dit te bereik.

Die simboliese aard van die ooreenkoms as 'n eenheidspoging moes baie swaar by Malan en sy party geweeg het, want die Afrikanerparty kon die Herenigde Nasionale Party geen sittende volksraadslede of partyorganisasie bied nie. Terselfdertyd het die Herenigde Nasionale Party willens en wetens die beginsel dat geen ooreenkoms met die O.B. gesluit kon word nie, gebuig, want dié organisasie was besig om 'n gesonde werksverhouding met die Afrikanerparty te kweek waarvan die ware omvang nog nie aan die Herenigde Nasionale Party bekend was nie.

Vir die Afrikanerparty het die ooreenkoms die kroon op hul arbeid gespan. In 'n kort tydperk het die party gevorder van 'n nie-funksionerende party met 'n leier wat uit die politiek getree het tot 'n bondgenoot van die amptelike opposisie, met behoud van identiteit. Bogenoemde situasie is bereik deurdat Klasie Havenga op 'n opportunistiese wyse die hoogste bieder opgespoor het. Hy het terselfdertyd daarin geslaag om die rol van die groot eenheidskepper te speel deur met 'n ander sukkelende organisasie, die O.B., te heul. Getrou aan die Afrikanerparty se standpunt dat niemand by voorbaat by samewerking uitgesluit moes word nie, is die O.B. verwelkom. Dit het gebeur ondanks die antidemokratiese filosofie van die organisasie en die Herenigde Nasionale Party se probleme daarmee. Uit eie inisiatief en onder druk van die O.B.-leier, Hans van Rensburg, het Havenga gepoog om hom van Malan se siening te oortuig. Hoewel hy amptelik hiermee onsuksesvol was, was die idee van die daarstelling van 'n breë Afrikanervolksfront suksesvol.

Die daarstelling van die volksfront was so suksesvol dat dit latere krisisse oor die verdeling van setels en die aanwysing van O.B.-lede soos BJ (John) Vorster as Afrikanerparty-kandidate oorleef het. Die vrugte van die aanvanklike samewerkingspogings is op 26 Mei 1948 gepluk toe die Herenigde Nasionale Party - Afrikanerparty-kombinasie die Verenigde Party uit die kussings gelig het.

89 NAB, JG Strijdom-versameling, 59: Berig uit **Die Vaderland,** 22 Maart 1947 met notas deur Strijdom.